
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## MUSIEK V1

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 120**

**TYD: 3 uur**

**SENTRUMNOMMER:**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**Hierdie vraestel bestaan uit 22 bladsye en 1 bladsy manuskrippapier.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

HOU HIERDIE BLADSY OOP.



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.

2. AFDELING A en B is VERPLIGTEND.

3. AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM), AFDELING D: JAZZ en AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C **OF** D **OF** E).

4. Skryf AL die musieknotasie in AFDELING A met potlood en AL die geskrewe teks met blou of swart ink op hierdie vraestel.

5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C **OF** D **OF** E met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat verskaf is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag NIE hierdie bladsy verwyder NIE.

8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.

9. Kandidate moet let op die puntetoekenning vir elke vraag om genoeg inligting in hulle antwoorde te gee.

10. Skryf netjies en leesbaar.



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)** **(90 minute)**

**AFDELING A moet op hierdie VRAESTEL beantwoord word.**

**Beantwoord VRAAG 1**
**EN VRAAG 2.1 OF 2.2**
**EN VRAAG 3.1 OF 3.2**
**EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

**VRAAG 1** **(25 minute)**

1.1 Voeg maatlyne op die toepaslike plekke in die musiekuittreksel hieronder by.




(2)

1.2 Skryf die toonsoortteken van die mineur toonsoort waarin die gegewe leitoon voorkom.




(1)

1.3 Skryf die drieklank op die leitoon van G harmoniese mineur. Skryf die drieklank in eerste omkering.




(1)

1.4 Voeg 'n skuifteken by om 'n vergrote drieklank te vorm.



(1)

1.5 Skryf 'n dominantsewende akkoord op die gegewe grondnoot, in noue ligging.




(1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


1.6 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




1.6.1 Benoem die interval by (P).

________________________________________ (1)

1.6.2 Skryf die omkering van die interval by (Q) in die gegewe sleutel hieronder.




(1)

1.6.3 Gee die Italiaanse term wat dieselfde as *Lebhaft* beteken.

________________________________________ (1)

1.7 Skryf die toonlere hieronder sonder toonsoortteken, volgens die gegewe instruksies.

1.7.1 Skryf 'n opgaande Lidiese modus wat op D begin.




(2)

1.7.2 Voeg skuiftekens by om die F natuurlike mineur toonleer te vorm.



(2)

1.7.3 Voeg EEN noot onder elke asterisk (*) by om die opgaande chromatiese toonleer te voltooi.



(2)
**[15]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za





This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


**VRAAG 2** **(25 minute)**

**Beantwoord VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.**

2.1 Gebruik die opening hieronder om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm te skep. Skryf in balknotasie OF in solfanotasie.




Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | MAKS. | PUNT |
|---|---|---|
| **Vorm en kadenspunte** | 3 | |
| **Notasie**<br>Balknotasie: polse per maat, nootstele, groepering en skuiftekens<br>Solfanotasie: ritme- en toonhoogte-aanduidings | 2 | |
| **Kwaliteit**<br>Musikaliteit: omvang, kontoer, geïmpliseerde harmonie | 10 | |
| **TOTAAL** | **15** | |

**[15]**

**OF**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.2 Skryf 'n oorspronklike twaalfmaat-melodie in drieledige vorm. Gebruik balknotasie OF solfanotasie. Skryf vir enige enkellyn- melodiese instrument OF stemtipe van jou keuse. Noem die instrument OF stemtipe.

Gebruik die volgende om 'n samehangende melodie in E mineur te skep:

- Ritmiese motief: 

**Balknotasie:**

- Gebruik die korrekte sleutel vir jou gekose instrument of stemtipe.
- Voeg die toonsoortteken by.

**Solfanotasie:**

- La is E.

Instrument/Stemtipe: ___________________________

La is E

3/4

Solfa:

5

9

Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | MAKS. | PUNT |
|---|---|---|
| **Vorm en kadenspunte** | 3 | |
| **Notasie**<br>Balknotasie: polse per maat, nootstele, groepering, skuiftekens, aanduiding van sleutel en toonsoortteken<br>Solfanotasie: ritme- en toonhoogte-aanduidings | 2 | |
| **Kwaliteit**<br>Toepaslikheid vir instrument of stem (omvang), gebruik van gegewe ritmiese motief, musikaliteit (omvang, kontoer, geïmpliseerde harmonie) | 10 | |
| **TOTAAL** | 15 | |

**[15]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3** **(10 minute)**

**Beantwoord VRAAG 3.1 OF VRAAG 3.2.**

3.1 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.





SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.1.1 Wat is die verwantskap tussen maat 1–2 en maat 5–6?

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

3.1.2 Lewer kommentaar op die gebruik van toonsoort in maat 1–4.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

3.1.3 Besyfer die akkoorde by (a) tot (f) op die partituur deur Romeinse syfers te gebruik, bv. $III^{+6}$/$III^{+b}$. (6)

3.1.4 Besyfer die akkoorde by (Z) op die partituur en benoem die kadens.

____________________________________________________________ (3)

3.1.5 Benoem die tipe nie-harmonienote by (i) en (ii).

(i) ______________________________________________________

(ii) ______________________________________________________ (2)

3.1.6 Noteer die volgende nie-harmonienote by (iii) en (iv) op die partituur. Gebruik 'n agtstenoot-waarde vir jou antwoord.

(iii) Deurgangsnoot

(iv) Terughouding (2)
**[15]**

**OF**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.




3.2.1 Identifiseer die akkoorde by (a) tot (g). Skryf akkoordsimbole in die spasies wat daarvoor verskaf is, bokant die notebalke, bv. G/B. (7)

3.2.2 Skryf die akkoordsimbole by (m) en (n) en benoem die kadens by (X).

______________________________________________ (3)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2.3 Lewer kommentaar op die bassleutelparty in maat 1–3.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

3.2.4 Benoem die tipe nie-harmonienote by (i) en (ii).

(i) ______________________________________________________

(ii) ______________________________________________________ (2)

3.2.5 Noteer die volgende nie-harmonienote by (iii) en (iv) op die partituur. Gebruik 'n agstenoot-waarde vir jou antwoord.

(iii) Vooruitneming

(iv) Terughouding (2)

**[15]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


**VRAAG 4** **(30 minute)**

**Beantwoord VRAAG 4.1 OF VRAAG 4.2.**

4.1 Voltooi die vierstemmige vokale harmonisasie hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg. Sluit die volgende in:

- Deurgangs-tweede-omkering-( $\substack{6\\4}$ )progressie
- 'n Onderbroke kadens
- 'n Geskikte progressie vir die stygende leitoon by (X)




Die harmonisasie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | MAKS. | PUNT |
|---|---|---|
| Akkoordkeuse | 14 | |
| Notasie en stemvoering | 8 | |
| Kwaliteit | 8 | |
| **TOTAAL** | **(30 ÷ 2) = 15** | |

**[15]**

**OF**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.2 Voltooi die stuk hieronder deur toepaslike harmoniese materiaal in halfnote by te voeg. Gaan voort in die styl van die openingsmaat en gee aandag aan stemvoering en spasiëring/uitleg. Sluit die volgende in:

- Harmoniese realisering van die gegewe akkoordsimbole
- ii – V – I-progressie in D
- 'n Dominantnegende akkoord by die asterisk (*)




Die harmonisasie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| BESKRYWING | MAKS. | PUNT |
|---|---|---|
| Akkoordkeuse | 14 | |
| Notasie en stemvoering | 8 | |
| Kwaliteit | 8 | |
| **TOTAAL** | **(30 ÷ 2) = 15** | |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS** **(90 minute)**

**Beantwoord AFDELING B, C, D en E in die ANTWOORDEBOEK.**

**AFDELING B: MUSIEKBEDRYF (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5**

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.5) neer, bv. 5.1.6 E.

5.1.1 Die bestuur van musiekgebruikers se lisensiefooie is die verantwoordelikheid van …

A 'n musiekuitgewer.
B 'n opnamemaatskappy.
C 'n kollekteeragentskap.
D Al die bogenoemde (1)

5.1.2 SAMRO …

A organiseer musiekkompetisies.
B bied 'n pensioenskema aan sy lede.
C betaal tantième aan geregistreerde lede.
D Al die bogenoemde (1)

5.1.3 Die korrekte volgorde van stappe voordat 'n nuwe lied bemark word, is …

A vorm 'n idee, skryf die lied neer, neem die werk op.
B kontrakteer opnamemusikante, komponeer die werk, registreer by SAMRO.
C repeteer met sessie-musikante, neem die werk op, skryf die lied neer.
D Al die bogenoemde (1)

5.1.4 Meganiese regte word deur … geadministreer.

A SAMRO
B CAPASSO
C RISA
D MONACO (1)

5.1.5 Om tantième te ontvang, moet 'n komponis …

A note kan lees.
B die idee vir 'n lied met sy uitgewersmaatskappy bespreek.
C 'n ervare kunstenaar wees.
D by 'n kollekteeragentskap registreer. (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

5.2 Beantwoord die volgende vrae:

5.2.1 Verduidelik *naaldtydregte*. (2)

5.2.2 Skryf die naam neer van 'n kollekteeragentskap wat naaldtydregte hanteer. (1)

5.3 Noem TWEE opnamemaatskappye. (2)

**TOTAAL AFDELING B: 10**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Beantwoord AFDELING C (IAM)**
**OF AFDELING D (JAZZ)**
**OF AFDELING E (WKM) in die ANTWOORDEBOEK.**

**AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)**

**VRAAG 6**

6.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.5) neer, bv. 6.1.6 E.

6.1.1 In isishameni word die maskanda-kitaar op … gestem.

A EADGBD
B DADABC
C EBBC$^{\#}$F$^{\#}$G$^{\#}$
D DADABD (1)

6.1.2 Watter EEN van die volgende instrumente sal waarskynlik NIE in maskanda gebruik word NIE?

A Djembetromme
B Konsertina
C Kitaar
D Tromstel (1)

6.1.3 Ukuvamba is 'n kitaartegniek waar …

A die vingers op amantombazane speel.
B die duim amadoda speel.
C die kitaar perkussief getokkel word.
D 'n ikati vir ukupika gebruik word. (1)

6.1.4 Watter EEN van die volgende is 'n kenmerk van isihlabo?

A Isihlabo word aan die einde van 'n maskandastuk gehoor.
B Isihlabo stel aan die begin van die stuk die toon vas.
C Isihlabo word deur abavumayo ondersteun.
D Isihlabo word in 'n vaste tydmaatteken gespeel. (1)

6.1.5 Umakhwenyane is …

A 'n idiofoon.
B 'n booginstrument wat blues beïnvloed het.
C 'n booginstrument wat botone produseer.
D Geeneen van die bogenoemde nie (1)

6.2 Verduidelik *melodie* in inheemse Afrika-musiek. (2)

6.3 Verduidelik DRIE wyses waarop die woord *kwêla* in die verlede gebruik is. (3)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6.4 Kies die item in KOLOM A wat by die kunstenaar/groep in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommers (6.4.1 tot 6.4.5) neer, bv. 6.4.6 G.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.4.1 | Umama | A | Soul Brothers |
| 6.4.2 | TTBB | B | Lemmy Mabaso |
| 6.4.3 | Umgqashiyo | C | Thee Legacy |
| 6.4.4 | Penniefluitjie | D | Philip Tabane |
| 6.4.5 | Koedoehoring | E | Inkunz' Emdaka |
| | | F | Mahlathini |

(5 x 1) (5)

6.5 Beskryf die rol van abavumayo in maskanda. (3)

6.6 Verduidelik hoe izibongo in die lied *Kuke Kwagijim' Iveni* gebruik word. (2)
**[20]**

**VRAAG 7**

Beskryf die sangstyl van Philip Tabane. **[5]**

**VRAAG 8**

Bespreek die gebruik van ritme in kwêla. **[5]**

**VRAAG 9**

Bespreek die tradisionele isicathamiya-sangstyl. **[5]**

**VRAAG 10**

Skryf 'n opstel en bespreek kortliks die ooreenkomste en verskille tussen Mahlathini en die Mahotella Queens, en Soul Brothers. Verwys na *Melodi Yalla* en *Wamuhle*.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van die opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Ooreenkomste | 4 |
| Verskille | 8 |
| Logiese aanbieding van feite; struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

OF

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING D: JAZZ**

**VRAAG 11**

11.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (11.1.1 tot 11.1.5) neer, bv. 11.1.6 E.

11.1.1 'n Suid-Afrikaanse styl wat die ontwikkeling van mbaqanga beïnvloed het, is …

A disco.
B isicathamiya.
C country-musiek.
D kwêla. (1)

11.1.2 'n Chordofoon word …

A gepluk.
B geskud.
C geblaas.
D Geeneen van die bogenoemde nie (1)

11.1.3 Watter EEN van die volgende is NIE gewoonlik deel van 'n big band NIE?

A Tenoorsaksofoon
B Baritonsaksofoon
C Basklarinet
D Kontrabas (1)

11.1.4 In watter EEN van die volgende musiekelemente sou 'n sikliese patroon meer algemeen voorkom?

A Stemming
B Harmonie
C Tekstuur
D Timbre (1)

11.1.5 Watter EEN van die volgende verwys na comping?

A Sing in harmonie
B Tromritmes
C Ritmiese en akkoordbegeleiding
D Speel die melodie (1)

11.2 Beskryf die oorsprong van marabi. (3)

11.3 Verduidelik DRIE maniere waarop die woord *kwêla* in die verlede gebruik is. (3)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

11.4 Kies die item in KOLOM A wat by die kunstenaar/groep in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (11.4.1 tot 11.4.5) neer, bv. 11.4.6 H.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 11.4.1 | *Mra* | A | Zim Ngqawana |
| 11.4.2 | Ghoema | B | Spokes Mashiyane |
| 11.4.3 | *Langa More* | C | Abdullah Ibrahim |
| 11.4.4 | Skiffel-agtige maatslag | D | Philip Tabane |
| 11.4.5 | Fluit | E | Brotherhood of Breath |
| | | F | The Flying Jazz Queens |
| | | G | Feya Faku |

(5 x 1) (5)

11.5 Beskryf TWEE belangrike bydraes van Zim Ngqawana. (2)

11.6 Beskryf melodie in Cape jazz kortliks. (2)
**[20]**

**VRAAG 12**

Beskryf die styl van Brotherhood of Breath. **[5]**

**VRAAG 13**

Bespreek die gebruik van ritme in kwêla. **[5]**

**VRAAG 14**

Skryf 'n paragraaf waarin jy die wêreldmusiekstyle wat Miriam Makeba beïnvloed het, bespreek. **[5]**

**VRAAG 15**

Skryf 'n opstel waarin jy die lied *Umjomela* deur die Makgonatsohle Band beskryf. Sluit die oorsprong en styleienskappe van mbaqanga in.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van die opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| *Umjomela* | 8 |
| Oorsprong en styleienskappe van mbaqanga | 4 |
| Logiese aanbieding van feite; struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING D: 50**

OF SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

### VRAAG 16

16.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (16.1.1 tot 16.1.5) neer, bv. 16.1.6 E.

16.1.1 Die korrekte kombinasie van Italiaanse terme wat 'n rustige looppas aandui, is …

A moderato espressivo.
B andante giocoso.
C larghetto molto energico.
D andante tranquillo. (1)

16.1.2 Basso continuo is tipies van die …

A Barok-stylperiode.
B Klassieke stylperiode.
C Romantiese stylperiode.
D Geeneen van die bogenoemde nie (1)

16.1.3 'n Standaard klassieke orkes sluit NIE … in NIE.

A trompette
B timpani
C tubas
D Franse horings (1)

16.1.4 'n Menuet en trio …

A is in tweeledige vorm.
B is in saamgestelde drieledige vorm.
C word skematies as ABACA aangedui.
D Geeneen van die bogenoemde nie (1)

16.1.5 'n Voorbeeld van 'n dubbelriet-blaasinstrument is 'n …

A baritonsaksofoon.
B cor anglais.
C fagot.
D klarinet. (1)

16.2 Verduidelik kortliks *enkelvoudige drieledige vorm*. Verwys na struktuur en toonsoort in jou antwoord. (3)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

16.3 Kies die korrekte beweging van 'n tipiese klassieke simfonie in KOLOM B wat by die vormtipe in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (16.3.1 tot 16.3.3) neer, bv. 16.3.4 E.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 16.3.1 Sonatevorm | A eerste beweging |
| 16.3.2 Menuet en trio | B tweede beweging |
| 16.3.3 Tema en variasies | C derde beweging |
| | D vierde beweging |

(3 x 1) (3)

16.4 Watter van die volgende word met toonhoogte geassosieer?

- Register
- Metrum
- Ritme
- Melodie
- Omvang
- Dinamiek (3)

16.5 Beskryf TWEE verskille tussen *resitatief* en *aria* met betrekking tot begeleiding en storielyn. (4)

16.6 Gee EEN woord of term vir ELK van die volgende beskrywings:

16.6.1 'n Aangehoue toon in een stem met veranderende harmoniese materiaal in die oorblywende stemme (1)

16.6.2 'n Instrumentale ensemble van drie instrumente waarvan een 'n klavier is (1)
**[20]**

**VRAAG 17**

17.1 Noem TWEE Vrymesselaarstemas en beskryf die manier waarop dit in die musiek van die opera *Die Towerfluit* geïnkorporeer word. (4)

17.2 Noem EEN ander opera wat deur Mozart gekomponeer is. (1)
**[5]**

**VRAAG 18**

Skryf 'n paragraaf waarin jy die oorsprong van opera beskryf. **[5]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 19**

Beethoven het 'n beweging by die standaard klassieke simfonie in sy *Simfonie Nr. 6 in F majeur, Op. 68* gevoeg.

Beskryf die ekstra beweging deur na konteks, vorm, toonsoort en enige TWEE programmatiese elemente te verwys. **[5]**

**VRAAG 20**

Skryf 'n opstel oor Mendelssohn se *Die Hebrides* waarin jy die oorsprong en vorm, sowel as instrumentasie en orkestrasie bespreek.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van die opstel.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

| KRITERIA | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| Oorsprong | 2 |
| Vorm | 6 |
| Instrumentasie en orkestrasie | 4 |
| Logiese aanbieding van feite; struktuur van die opstel | 3 |
| **TOTAAL** | **15** |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING E: 50**
**GROOTTOTAAL: 120**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



SA EXAM PAPERS
Proudly South African